

Kruispad e-tydskrif Februarie 2022

Só leer die profete ons van God se oordeel en genade

Telkens het my ma na kategeese gevra wat ons geleer het. Ek kan nog goed onthou hoe ek die een dag met misnoë geantwoord het dat Israel al wéér gesondig het. Ek kon net nie verstaan hoe hierdie selfde mense elke keer sondig en weer gehoorsaam word en dit net so aanhou en aanhou nie. Stil-stil het ek selfs gedink dat as hulle maar net een keer geluister het, was daar baie minder om te leer!

Soos mens ouer word begin jy verstaan dat dit vir niemand so maklik is om die reguit pad te loop nie. Dit is maar die proses waardeur almal van ons gaan. Dié proses wys duidelik vir ons God se oordeel en straf, maar meer nog die genade wat Hy aan ons bewys. 1 Korintiërs 10:11 vertel dat ons ag moet slaan op die Ou Testament: *“Hierdie dinge het oor hulle gekom as ’n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ’n waarskuwing ...”* Romeine 15:4 sê verder dat alles opgeteken is *“om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.”*

Ongelukkig bly die profete vir baie van ons moeilike leesstof. [In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) kyk ons hoe en hoekom ons die profete moet lees. Een van die belangrikste aspekte wat ons moet raaklees is dat die Messias, Jesus Christus, daarin sigbaar raak. Dit gee die fondasie wat Jesus kom vervul.

Mag jy die wonderlike openbaring van Jesus Christus in die Ou Testament raaksien.

Kruispad-groete

Wilna Myburgh

Hoekom moet ons die profete lees?

Die profete is ’n belangrike deel van God se openbaring en moet nie afgeskeep word nie. [Leer saam Kruispad](#) hoekom jy die profete moet lees.

Wat moet jy weet om die profetiese boeke te lees?

Regdeur die Bybel praat God met mense in profesieë. Kruispad wys vir jou wat belangrik is om te weet wanneer jy die profetiese boeke lees. [Lees hier](#).

Hoe ken jy ’n valse profeet uit?

Laat hierdie riglyne jou lei om raak te sien watter profete net wolwe in skaapsklere is. [Lees hier](#).

Jesus Christus profeteer met sy hele lewe

As Profeet is dit Jesus Christus se opdrag om God die Vader aan die mense te verklaar, sodat hulle Hom behoorlik kan leer ken. [Lees hier wat dit beteken](#).

Bybelstudie: Leer uit die profesieë oor Nineve

Die stad Nineve word gewaarsku dat hulle vernietig gaan word in Jona en Nahum se profesieë. [Doen die Bybelstudie](#) en leer uit die stad se redding en oordeel.

10 profesieë wat in die Nuwe Testament vervul word

[Lees hierdie](#) tien profesieë van Jesus se dood en opstanding. Só sien jy hoe die Ou Testament in die Nuwe Testament vervul word.

Profete waarsku die volk in die Ou Testament

Die profete het die volk herhaaldelik oor die ballingskap gewaarsku, én verkondig dat die Verlosser kom. [Kry hier](#) ’n opsomming van wat die profete geskryf het.